

Kategeet werkblad: 14 November 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 11:1-16

Agtergrond:

Wanneer ons na die gedeelte kyk, lyk die prentjie anders as wat ons vroeër raakgelees het. Ons sien dit omdat die Judese ballinge se omstandighede nou anders lyk. Na 'n ballingskap-periode lyk dit asof die Dawidiese koningskap sou terugkeer. Dit is hier weer 'n teken van die oorblyfsel wat sou agterbly nog 'n teken dat God betrokke en teenwoordig is.

Hierdie koning se aksies is ook dan 'n teken van God se teenwoordigheid. God se Gees bemagtig hom met wysheid en sterkte, raad en insig, hy het kennis van en eerbied vir God. Hierdie koning is anders as die ander regeerders wat hulle in die ballingskapyd gehad het. Die verhouding wat hy met God het, verander hom om God raak te sien, dit maak God ook aan ander sigbaar. Hy vind sy vreugde in eerbied vir God.

Verwagte uitkoms:

Om aan die kinders oor te dra dat hulle teenwoordigheid God by mense teenwoordig maak.

Aksie:

Die verhaal "Petrov, die 'getroue kerkganger'" (p.169) uit Stories vir die lewe (2002, Lux Verbi B.M.) word aan die groep voorgelees.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Wat het Petrov anders gedoen as wat die kerk van hom verwag het?
- Hoe het die kerk mense gereageer oor Petrov nie kerk toe gegaan het nie?

Hart vrae:

- Hoe dink julle het die kerk mense gevoel toe hulle agtergekom het waarmee Petrov besig was?

Skoppens vrae:

- Wat dink julle kon Petrov se kerk mense anders gedoen het as om hom te beskuldig?
- Aan watter ander Bybelverhale laat die storie jou dink?

Klawers vraag:

- Wat het jy geleer uit vandag se preek oor Jesaja 11?
- Hoe lyk dit wanneer mense vir ander wys wie God is?
- Wat sou jy sê is Kerk regtig?